
Universiteit Stellenbosch
Departement Joernalistiek

# WOORDfees'12

# LIP



## Van die redakteur

Die vraag "Wat is *LIP*?" kan die beste beantwoord word deur die leuse op ons Facebook-blad: *Wat die fees van vol is, loop die* lip *van oor*!

As 'n mens al 'n Universiteit Stellenbosch (US) Woordfees (of vyf) beleef het, weet jy dié fees se program is propvol. Maar jy weet dit eers regtig as jy moes help besluit hoe om die lywige en diverse feesprogram oor sestien bladsye weer te gee sonder om te veel te probeer inprop, en sonder dat te veel van die fees afgeskeep word. Voeg daarby die 2012-redaksie se besluit om *LIP* visueel meer aantreklik te maak, en jy sit met 'n hele paar hande-in-die-hare besluite. Die resultaat? 'n Lekker leerskool vir 25 onervare joernaliste. En 'n lekker-lees *LIP* vir oud en jonk.

**Suzaan**

*LIP* word jaarliks ná afloop van die Woordfees deur die US se B.Phil Joernalistiek-klas uitgegee.


## LIP editorial team

**Editor**
Suzaan Hauman

**Assistant Editor**
Erin Bates

**Production Editor**
Shané Barnard

**Photo Editor**
Esté Beerwinkel

**Sub-editors**
Marlies Haupt
Lucelle Hough
Dane McDonald
Byron Messaris

**Layout Artists**
Rochélle Goosen (chief)
Leané Meiring
Celeste Vlok

**Photographers**
Ramon MacMaster
Zoë Mahopo
Benedict Pather

**Writers**
Gené McAravey
Nathan Adonis
Katjia Bucalina
Jan Cronje
Marisa Fockema
Mia Grundlingh
Aimee McDonald
Roné Mc Farlane
Nadine Moodie
Malherbe Nienaber
Christa Rohwer

**With special thanks to Arlene Prinsloo, Marisa Honey and Willemien Brümmer for their time and contribution to this publication.**

**Cover illustration & graphics**
Rochélle Goosen


# Kannemeyer kón, sowaar



Die afsterwe van die literêre reus J.C. Kannemeyer het 'n groot leemte in Afrikaans gelaat, skryf **Lucelle Hough.**

Prof. John Christoffel Kannemeyer was nie 'n gewone man nie. Hy was 'n legende en literêre fenomeen sonder weerga.

Hy word gereken as die mees produktiewe Afrikaanse navorser tot op hede en sy rits publikasies is 'n bewys daarvan. Hy was 'n literêre ondersoeker, redakteur, literêre kritikus, literatuurhistorikus, biograaf en gerespekteerde dosent.

Sy werksetiek was verbysterend en hy was 'n absolute perfeksionis. Hy is verlede jaar op Kersdag oorlede – slegs twee dae nadat hy die laaste deel van 'n biografie oor die Nobelpryswenner J.M. Coetzee na sy uitgewer gestuur het.

Santa Hofmeyr-Joubert, sy lewensmaat van die afgelope 14 jaar, sê Kannemeyer het nadat hy besef het hy word siek, vir sy dokter gevra om hom aan die lewe te hou totdat hy dié biografie voltooi het.

Die verhaal om sy dood en die biografie kan nie meer tekenend van sy werksetiek wees nie.

Hy was sedert 2003 hoogleraar aan die Universiteit Stellenbosch (US), waar hy op honneursvlak in die departement Afrikaans en Nederlands edisiewetenskap doseer het. Hier het studente saam met hom materiaal versorg vir publikasie. Hierdie klas mag slegs volgens sy skedule op 'n Vrydagoggend 09:00 gewees het en die hele klasrooster is daar rondom uitgewerk.

Die honneursklas, waarvan ek gelukkig genoeg was om deel te wees, het aan sy lippe gehang. Ure se navorsing oor obskure dinge moes in die biblioteek gedoen word, net om die volgende week te besef Kannemeyer het reeds dié inligting in sy formidabele geheue gestoor.

Nie net het sy kennis, werksvermoë en perfeksionisme sy studente verstom nie, maar ook die literêre skinderstories. (En was daar nie baie nie!)

Prof. Rufus Gouws, hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan die US, vertel hoe Kannemeyer van sy skinderstories gehou het: "[Hy] het gesê hy kan nog 'n akademiese feit vergeet, want hy kan dit in die biblioteek gaan naslaan, maar nie 'n akademiese skinderstorie nie!"

Stiptelik teen 09:50 is die honneursklas se akademiese werk eers gestaak om 'n "Neskaffeetjie te nuttig". Tydens teetyd is daar gewoonlik uitgevra oor studente se belangstellings en toekomsplanne totdat daar genoeg "geklets" is en die werk moes voortgaan.

Tydens 'n huldigingsgeleentheid vir Kannemeyer het kollegas en studente gesê hy het geweet wat hy wou hê; hy was 'n moeilike, maar regverdige man; en buiten sy verbysterende werksetiek, het hy omgegee vir sy medemens.

Dit was Kannemeyer se wens om nie 'n tradisionele roudiens te hê nie, maar hy het toestemming gegee om tydens die Woordfees onthou te word.

Tydens dié fees het kollegas gepraat oor sy enorme bydrae tot Afrikaans, asook die J.M. Coetzee-biografie wat waarskynlik in September sal verskyn.

> Prof. Dorothea van Zyl, direkteur van die Woordfees, vertel die volgende staaltjie oor 'n literêre toer wat Kannemeyer saam met haar man, prof. Wium van Zyl, aangebied het:
> Een aand loop dié twee in Oudtshoorn en drie honde bestorm hulle van agter 'n oop hek.
> Met dié trek Kannemeyer sy baadjie oor sy kop, gaan staan handeviervoet en blaf woedend terug. Die honde hardloop stert-tussen-die-bene terug na hul huis. Dit is hierdie bulhondmentaliteit wat uiteindelik sy sukses gewaarborg het.

> **Al wat 'uitstaande' kan wees, is jou tande**
>
> Kannemeyer in sy stryd teen anglisismes

# Tale van Afrika weerklink by Woordfees

**Suzaan Hauman**

"Of dit Engels of Xhosa of ander Afrika-tale is ... ons tonge is vasgebind." Só klink die jong Xhosa-digter Sabelo Sawula se gedig in Afrikaans.

Tydens die uitvoering *Inheems met Antjie Krog* was Sawula een van die jong kunstenaars wat die verhoog en mikrofoon met dié bekroonde Afrikaanse digter en joernalis gedeel het. Hy en Krog het sy gedig, "Camako", voorgedra – hy in Xhosa en sy in Afrikaans.

Nadat hy deur die vol Boektentgehoor toegejuig is, gaan sit Sawula, 'n linguistiek-student aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), met 'n breë glimlag.

Dit was 'n program vol variasie: Nunke Khadimo vertel stories in haar moedertaal Khwedam; André Lekoa en Stef Paulo rap in !Xun; Glen Arendse en Garth Erasmus bespeel 'n verskeidenheid tradisionele instrumente. Krog vertaal en verduidelik met haar kragtige voorlees-styl en bring die gedigte náder aan die gehoor – sonder om die klanke en nuanses van die digters uit te doof.

Khadimo, Lekoa en Paulo het vanaf die !Khwa ttu San Kulturele en Opvoedingsentrum naby Yzerfontein na die Woordfees gekom om hul tale en talente te deel. Dié sentrum het ten doel om dié groep se kultuur te bewaar en lewendig te hou. Arendse werk by UWK en Erasmus as 'n kunstenaar, maar wanneer hulle 'n geleentheid kry, maak hulle graag tradisionele instrumente waaruit aardse klanke voortgebring word.

Ter afsluiting is die bekende Krog-verwerking, "Die sterre sê 'tsau'", saam deur almal voorgedra. Die verskillende tale, gekombineer met Arendse en Erasmus se musiek, het gesorg vir iets wat aanvanklik vreemd op die oor val, maar dan sin maak én mooi klink. Jy vra jouself af: Behoort hierdie produksie nie meer sentraal te staan in die program van 'n fees van woorde nie? Met méér as een *show*, op meer toeganklike tye, goed **gerepeteer**, belig en afgerond op 'n groot verhoog? Só sal die Woordfees (en Afrikaans) tog kan help om meer inheemse tonge los te maak.

## 13 Woordfees-jare: enkele hoogtepunte

**2000 – 'Nag van passie'**
Die eerste Woordfees vind plaas: 'n deurnagfees in die HB Thomteater en Ou Hoofgebou, waar skrywers hul werk voorlees, saam met musiek, drama en ligter vermaak.

**2001 – '2001 nagte'**
Die fees groei, meer skrywers neem deel, ongeveer 5 000 feesbesoeke.

**2003 – 'Vas aan die siel, los op die lippe'**
Die fokus val op die Sestigers.

Die WOW-projek word geloods.

**2004 – 'Diep gewortel, wyd gesaai'**
Formidabele vroue soos Elisabeth Eybers, Lina Spies, Antjie Krog, Diana Ferrus en Wilna Stockenström word gehuldig.

**2005 – 'Gee jou oor'**
Die Tagtigers (onder meer André Letoit, Joan Hambidge, Etienne van Heerden en Peter Snyders) word gevier.

'n Hewige debat ontstaan rondom die deelname van Dan Roodt aan die fees. Fees-direkteur Dorothea Van Zyl word gevra om Roodt te 'ontnooi', maar sy weier ter wille van vryheid van spraak. Max du Preez onttrek van die fees uit protes. Roodt daag wel op – met sewe lyfwagte.

**Christiaan Olwagen** (skrywer en regisseur: *N is vir Neurose*) het die Fleur du Cap-toekenning vir Nuwe Regisseur in 2011 gewen.

**Valiant Swart** ontmoet in 1988-89 vir **Koos Kombuis** tydens militêre diensplig. Hulle begin saam in kroeë in Hillbrow optree.

**Maria Elizabeth Rothmann** (M.E.R.) was een van die eerste Suid-Afrikaanse vroue wat universiteitsopleiding ontvang het.

# ‘Vader van Fritz Deelman’ kyk terug oor sy loopbaan

Afrikaans se Storieman is tydens die Woordfees vereer.

**Marlies Haupt** skryf oor dié veelsydige skrywer.

Leon Rousseau staan uit sy sitplek op en stap doelgerig na die voorpunt van die Boektent-verhoog. Hy wink ’n man in die gehoor half bekommerd nader. “Jy kan nie so alleen daar sit nie,” fluister Rousseau.

Hy wys met sy vinger na die ander kant van die saal sodat dié vriend langs ’n gemeenskaplike vriendin kan gaan sit. Hierdie ferm dog deernisvolle gebaar illustreer iets van Rousseau se merkwaardige karakter.

Sy eerste publikasie verskyn toe hy 25 was. Sy mees onlangse boek, *Die Groot Avontuur*, op die rype ouderdom van 75. Hy is, soos die Woordfees-direkteur Dorothea van Zyl hom beskryf: “Die man agter *Storieman*, die vader van Fritz Deelman, die Rousseau in Human & Rousseau.”

Hy is ’n mengsel tussen sy karakter Fritz Deelman en sy held, Eugène Marais. Hulle het één ding in gemeen en dit is ’n groot liefde vir die natuur. Voeg daarby ’n sin vir avontuur en jy kry ’n skrywersmens wie se verbeelding geen perke ken nie.

“Ek het nooit kon droom dat daar eendag masjiene sou bestaan wat brood kan gaarmaak (’n mikrogolf) of dat tolk-telefone werklikheid sou word nie,” vertel hy per telefoon vanuit die Noorde. Merkwaardig skryf Rousseau ses jaar vóór die ontdekking van die hologram daaroor in *Fritz Deelman en die Groen Dood.*

Rousseau is bekend vir *Die Groot Verlange* (1974), die “lewensverhaal” van Eugène Marais. “Beslis nie ’n biografie nie,” korrigeer hy. “Dit bevat elemente van die roman.” Hy is geïnspireer deur Irving Stone se biografiese verhaal oor Vincent van Gogh, *Lust for life* (1934), wat soos ’n “lekker storieboek” lees. Hy het altyd geweet hy sou Marais se lewensverhaal só wil opteken.

Die teoloog en boekekenner Gerrit Brand meen Leon kry reg wat min ander vermag. “Hy slaag daarin om die leser só intens met die karakter te laat identifiseer dat hulle ná die lees daarvan nie daarvan kan loskom nie. So ’n leser word sélf ’n gekwelde siel; soos Marais.”

Rousseau se navorsing oor Marais is kortgeknip toe hy in ’n ernstige motorongeluk was. ’n Senuwee in sy linkeram is deurgesny en hy kon vir 43 jaar daarna nie weer tik nie. “Dit was ’n baie goeie ding, want ek was nog nie ryp genoeg nie,” vertel hy. Hy sê hy het later meer van die wêreld en van mense verstaan.

Ná twaalf jaar van navorsing, waarvan die meeste met die hand opgeteken is, is die finale produk binne ’n paar maande voltooi. Die grootste gedeelte skryf hy in drie weke toe hy met verlof is van Human & Rousseau. Hy verduidelik, “Dit was soos Eugène Marais sou sê ‘reeds uitgewerk’ in my kop.”

Chris, een van Leon se seuns, sê sy pa is “Spartaans” en het ’n altyd-“formele korrektheid”. Tog glimlag Rousseau ondeund toe hy self agter die mikrofoon staan en sê Chris se woorde is alles “leuens, leuens, leuens”.

Rousseau is nie meer 25 nie, maar in sy oë blink daar ’n op-en-wakkerheid wat getuig van ’n ewige jonkheid van gees. Ná 56 jaar boei sy boeke steeds.

Leon Rousseau het in sy *Fritz Deelman-reeks* **Skype** en ’n **ruimtestasie** uitgedink – jare voordat dit ’n werkliklikheid geword het.

**Gideon Joubert** was die inspirasie vir die *Fritz Deelman*-reeks. Joubert was Suid-Afrika se eerste “paddaman” en stigter van ons land se eerste skubaduik-skool.

Leon Rousseau het self ’n groot liefde vir die see. **Ondersee-avonture** en skubaduik speel in drie van die agt *Fritz Deelman*-boeke ’n belangrike rol.

Later vanjaar verskyn daar ’n film oor Eugène Marais, getiteld ***Die Wonderwerker***. Chris Barnard het dit geskryf en Katinka Heyns behartig die regie.



**Die opkomende digter Pieter Odendaal en die Kaapse *band* Bateleur het die gehoor bekoor by De Vette Mossel met hul produksie *Transkripsie*, ’n skepping met mondmusiek en klankgedigte.** Foto: Benedict Pather

# Riaan die *Rock*-ster!

**Riaan Cruywagen die nuuslegende het ’n nuwe blaadjie omgeslaan. Hy dra nou *Ray Ban Aviators* en slaan die kitaar in sy vrye tyd. Hy is tydens die Woordfees vereer in die program *Immergroen: Riaan Cruywagen.* Roné Mc Farlane het hom uitgevra.**

**Riaan, deesdae vervul jy ’n ander rol as net dié van nuusleser. Jy is deel van die popkultuur én ’n ikoon. Hoe ervaar jy dit?**

Ek geniet dit, want ek bly jonk van gees. Ek glo ouderdom is bloot van akademiese belang. ’n Mens is so oud soos jy voel … of, soos Fanus Rautenbach gesê het: ’n Mens is net so oud soos die meisie wat jy voel!

**Hoe het dit gebeur?**

Eintlik per ongeluk, hoor. Die ding het begin met die Jan Blohm-video. André Calitz (vervaardiger van die video) het my gebel om te vra of ek die rol van Jan Blohm sal speel in sy musiekvideo. Hy het gesê hy weet ek sal nie instem nie, maar hy moet net kan sê hy het my gevra. Ek sê toe vir hom: Natuurlik sal ek dit doen! Ek is ’n bok vir *sports*!

**Hoe voel dit om ’n *rock*-ster te wees?**

Noem my in Afrikaans eerder ’n “klipster”. Ek het 30 jaar jonger gevoel. Dit was ontsettend lekker om net vir ’n dag soos ’n vreeslike jongmens te voel. En te staan en skud met ’n kitaar in die hand, wat ek in my lewe nog nooit gedoen het nie!

**As jy nou jou loopbaan as *rock*-ster verder voer, sou jy oorweeg om jou haarstyl te verander?**

O ja verseker! Punk!

**Daar is tot by die Stellenbosse kuierplek, Die Mystic Boer, ’n pizza na jou vernoem. Weet jy daarvan?**

Nee! My wêreld, so mense kan my selfs eet? Ek weet toe ek klein was, het my ouma vir my gesê: “Jy’s so oulik ek kan jou opeet!”



Foto: Roné Mc Farlane

# ’n Denker wat sy tyd vooruit was

**Marlies Haupt**

“Kêrels, as julle bymekaar kom, moenie weggaan voor julle nie vir mekaar ’n gedig gelees het nie.”

Só onthou Willem Fransman junior die ontslape dominee-digter Patrick J. Petersen se woorde. Petersen is tydens die Woordfees deur die KreAkon-teatergeselskap vereer. Hy was volgens Fransman “die vader van swart Afrikaanse skrywers” en het ’n leidende rol gespeel by die stigting van die swart Afrikaanse Skrywersvereniging. Die progressiewe uitgewery Prog was sy breinkind en hy het bruin skrywers help publiseer. Fransman sê Petersen het jare gelede al gesê: “Groen gaan nog ’n belangrike kwessie vir die mens word.” ’n Denker wat dus sy tyd vooruit was.

# Skrywers praat uit een mond

**Roné Mc Farlane**

“Skrywers voel hulle het belange wat beskerm moet word en dat hulle uit één stem moet praat.”

Só sê die skrywer en oud-uitgewer Kerneels Breytenbach, ’n stigter van die Afrikaanse Skrywersunie (ASU). Dié unie is op 7 Maart tydens die Woordfees gestig om om te sien na die belange van Afrikaanse boeke, skrywers, lesers, akademici, resensente en uitgewers.

Volgens Breytenbach is die idee vir die ASU tydens verlede jaar se Woordfees gebore nadat Media24 besluit het om sy drie oggendblaaie se boekeblaaie met een nasionale blad te vervang. Dié skuif het tot groot ongelukkigheid onder skrywers gelei.

Breytenbach het die unie vergelyk met die Afrikaanse Skrywersgilde wat in 1975 uit protes teen die streng sensuurwette gestig is. Onder die ASU-lede is prominente skrywers soos Breyten Breytenbach en Joan Hambidge.

**2006 – ‘Fluit-fluit, dis storietyd’**
Skrywersgala-kaartjies vir die eerste keer voor die fees uitverkoop.

Adam Small se sewentigste verjaardag gevier; Ina Rousseau gehuldig.

**2007 – ‘Landskappe van die liefde’**
Prof. Elize Botha word vereer as ’n “vrou van eerstes”. Botha is later dié jaar oorlede.

Kaartjies word vir die eerste keer deur Computicket verkoop.

**2008 – ‘Só is my tafel gedek’**
Van Ryneveldstraat word gesluit vir ’n lang seekostafel, De Vette Mossel.

Polisie-klopjagte by Bohemia en Die Mystic Boer haal die internasionale nuus ná hardhandige optrede teen studente en Woordfeesgaste.

**2009 – ‘Lag-lag tien jaar’**
Die tiende fees word deur ongeveer 38 500 besoekers bygewoon.
Vir die eerste keer word ’n hele produksie, *Die Ryk Weduwee*, deur die Woordfees geborg.

**2010 – ‘Baljaar!’**
In die jaar van die Sokker-Wêreldbeker is sport ’n tema by die Woordfees.

**2011 – ‘Elwe & Selwe’**
*Die Son* lewer vir die eerste keer verslag oor die Woordfees.

Die US Woordfees wen die kykNET *Fiesta*-gewildheidsprys as die gewildste kunstefees in Suid-Afrika.

**2012 – ‘Groen’**
Die Nobelprys-wenner Nadine Gordimer kanselleer haar optrede by die fees ter wille van ’n oorsese verpligting.

Die literator J.C. Kannemeyer word by die fees gehuldig, ná hy in Desember 2011 oorlede is.

Philosophy professor **Johan Degenaar** turned 85 during Woordfees 2012.

South Africa is the only country to house an entire **floral kingdom** (Fynbos), one of only six on the planet.

**22 575** – the number of minutes you would have needed to see every show at the 2012 Woordfees.

# Mahlasela: the heart behind 'The Voice'

Vusi Mahlasela speaks to **Aimee McDonald** about ubuntu and how it inspires his music.



**Strumming the soul: Vusi Mahlasela gives a heartfelt performance beneath the stars at the Spier Amphitheatre.** Photo: Zoë Mahopo

This year, Vusi "The Voice" Mahlasela celebrates 20 years in the performing arts industry. For two decades he has used his music as a platform, first against apartheid and now in support of charities, often collaborating with artists to communicate his message.

One such artist is South African vocalist Lize Beekman. The two previously collaborated on a song called "All The Same", which raises awareness of those living with HIV/Aids.The two paired up again at this year's Woordfees to move their audience at the Spier Amphitheatre with their powerful rendition of the song "Weeping".

After witnessing a performance by Mahlasela, there can be no doubt that he is, as Nadine Gordimer says, a "national treasure". Of course, Mahlasela is entirely down to earth about it.

"What a compliment! To be called a national treasure gives me pleasurable feelings," he exclaims. Mahlasela's music is haunting and captivating. He combines simple African composition and profound messages. Through the melodies one can hear the anthems of a people oppressed, yet rising above their hardship. "I think quite a lot of my songs are more about things that really make sense. Fear, power, grief, jealousy, but also reconciliation and forgiveness, which are part of ubuntu."

Although he can wax lyrical about idealistic concepts like love, forgiveness and reconciliation, he truly lives by the philosophy of ubuntu. He makes it his mission to be part of charities and projects that raise awareness of social issues.

"I'm living ubuntu and that's what everyone should try to do. To live on this planet earth, on this world, you must be human, so ubuntu is for you."

Mahlasela feels that music has the power to transcend linguistic and cultural barriers, and the fact that his music has travelled across borders and around the globe attests to this.

"I think music is another language that plays such an important role. It helps people to really understand. Music is something really special. I think it has got everything. If you have these messages that are supported by the music and the melodies, I think that's really great."

Mahlasela started playing the guitar after making his own. "I started at home, where I lived in Mamelodi township. My grandmother had a shebeen where I was surrounded by music. I made my first guitar at the age of six or seven with a tin can and four strings, using fishing nets."

Despite an illustrious career, Mahlasela still has dreams he wants to realise. "My wish is to do a tour with some other international artists . . . and then my other wish is to build a music stadium somewhere. I would love to build it in the place where I live – Mamelodi."

After years in the industry, Mahlasela is now an internationally acclaimed artist, but when asked if he is planning anything special for his twentieth year in music, he simply responds, "The celebration is really to thank everyone who participated in who I am.

"And then it's to come back you know, look back and understand where we are right now so as to make love to the future."

# The low-down on ...

## Romanz

"To have the whole world listening to Afrikaans music – that's the dream."

These are the words of Burgerd Botha. He is a member of popular Afrikaans quartet Romanz, along with Louis Loock, Adam Barnard and André Venter.

Romanz combines contemporary music and classical vocals to produce what they describe as a "unique" sound, loved by fans countrywide. Many Romanz fans attended their Woordfees performance on Sunday 4 March.

The group was established in 2008, and has since gone from strength to strength. They won several awards and even performed at the wedding of the former Olympic swimmer, Charlene Wittscock, who married Albert II, Prince of Monaco in 2011.

Behind the success and glamour, however, lies a great deal of hard work. Long hours of travelling between performances, living out of a suitcase and spending time away from home and loved ones are only some of the daily challenges they face.

"But the stage is worth it," says Adam Barnard, and all the members of Romanz agree. They are passionate about their music, and each member has a favourite song. For Adam it is "Houtkruis"; for André "My Hele Hart"; for Burgerd "For You (I will build Rome in a day)"; and for Louis "Ek wil weer oorbegin".

Asked about their aspirations for the future, they say, "We will never be satisfied. We want to take Romanz as far as we can."

## The Gugulethu Tenors

Gugulethu has often been associated with gangsterism, drugs and crime. It is less well known for is classical opera – but that is about to change.

The Gugulethu Tenors comprise Xolani November, Loyiso Dlova, Mpendulo Yawa and Siyabulela Gqola, who are set to make their mark on the South African music scene. If the performance they delivered at the Woordfees on Sunday 4 March is anything to go by, they are well on their way to achieving their goal.

The Tenors, all of whom grew up in Gugulethu, are passionate about two things: their music and their community. For them, the two are intricately linked, and achieving their dreams goes hand in hand with inspiring others to do the same.

They describe themselves as role models for young men in townships. "We chose this type of music instead of hip hop, which encourages gangsterism and crime . . . to show kids that they can live good lives," says November.

To achieve one's dreams, however, is never an easy feat. And the Tenors believe perseverance is key. "People look for quick results and when they don't get the outcome they want, they lose hope," says Yawa. This is why "Nyamezela" (isiXhosa for "Perseverance") is also the title and theme of their first original composition.

However, their ambitions are not limited to Gugulethu, and range from winning a South African Music Award to owning their own recording studio, and travelling the world as ambassadors for South African music.

"We want to leave a legacy."

Gené McAravey





**Romanz and The Gugulethu Tenors in action.** Photos: Zoë Mahopo

# Zolani, Zoid down paradise road

Katjia Bucalina

Zolani Mahola, lead singer and lyricist of Freshlyground, and Afrikaans rock-chick Karen Zoid took to the stage at the Spier Amphitheatre.

They performed an acoustic set under a full moon, as a balmy summer breeze filled the air and wine flowed in abundance.

"I'm a big fan of yours, I'm not lying," barefoot Mahola confessed to Zoid, followed by cheers and giggles from the crowd.

The two artists, with different musical styles, made a cohesive duo. They sang with clarity, pitch and passion, enthralling the audience with their effortless performance.

Their choice of songs provided the perfect balance between heartbreak and humour, satire and sokkie.

Mahola's "I'd like", about a man she met on a bus, brought chills to the spine, while Zoid's song, "Retail Therapy", had the audience laughing hysterically. It was no surprise that the show ended with a standing ovation.

The lyrics of their final song, a cover of "Paradise Road" by the band Joy, was the climax of the evening's performance. "There are better days before us and burning bridges behind us," sang the artists.

Mahola and Zoid, two quintessential South African artists from different backgrounds, came together to create true harmony and beautiful music.

Their performance was an example of music's potential to unite not only musicians, but also communities in South Africa.

**Go to the *LIP* 2012 facebook page and click on "videos".**

**Koos Kombuis** is op 5 November 1954 gebore en is as André le Roux du Toit gedoop. Koos is 'n skoolbynaam.

**Chris Chameleon** se album *Ek herhaal jou* het goue status bereik en is vir 'n SAMA-toekenning benoem.

Proceeds from the single "All the Same" by **Lize Beekman** and **Vusi Mahlasela** went to an Aids fund.



# Dan Patlanksy brings the blues

**Byron Messaris** spoke to Patlansky about *20 Stones* and his first appearance at the Woordfees. Photo by **Ramon MacMaster.**

Dan Patlansky is not just any musician. At the age of 30 he has established himself as one of South Africa's finest blues musicians. Appearing at the Woordfees for the first time, Patlansky took the stage to play the final set of the *Kitaar Konings* gig at Neethlingshof while promoting his new album *20 Stones*.

"To be honest with you, I didn't even know the Woordfees existed before this, but what a vibe man," Patlansky admitted.

The set began with his retelling of the Hurricane Katrina saga, during which he lost the opportunity to play alongside the great B.B. King. He also mentioned that his trusted, trademark guitar, The Red, was celebrating its 50th birthday this year.

His first song of the evening was the titular track, "20 Stones". A deep and sombre tune, it clearly demonstrates the emotion Patlansky pours into his performances. He also included the older, well-known track, "You Upset Me", in what was otherwise a very short set.

> **"To be honest with you, I didn't even know the Woordfees existed before this, but what a vibe man**

The acoustic setup was unusual for Patlansky, who often plays with a band, but he hinted that he may play more acoustic sets in future.

He described his album *20 Stones* as more rock influenced than previous albums, but said he would always be true to his classical blues core. "The blues has always been around . . . it's one of those genres that will always be there."

With almost two months of touring under his belt and *20 Stones*' pending national release, Patlansky was upbeat about the direction and potential of the new album. He is also set on doing a European tour, as well as getting a record label and distribution in the United States, but says he definitely wants to return to the Woordfees in the future.

"If I get booked again, which I hope I do, I'll be here every year."

# Veelsydige oor: Klanke te kies en te keur

## 1. Die Boemelaar en Elvis

Hulle was soos 'n boemelaar en 'n Afrikaanse Elvis: dié Voëlvry-ikoon Koos Kombuis met sy rooi sweetpaktop en bandana en Kaptein Kurt Darren getooi in 'n swart hemp met blinkers.

Dié twee het vir die eerste keer saam by die Woordfees opgetree – Kurt met 'n volle *band* en rasiesangleiers wat om hom dans en Koos met sy kitaar.

"Dankie vir die voorreg om voor 'n kunstenaar, wat 'n baie groot pel van my is, te kan optree," het Koos aan die begin van die konsert gesê.

Hy het ou treffers soos "Lisa se klavier" gesing, maar ook 'n snit van sy album wat later vanjaar verskyn.

Hierna was Kurt met sy sokkietreffers en dansende dollas aan die beurt. Hoekom het Koos en Kurt nie saamgesing nie? Volgens Koos het Kurt geweier om saam met hom "Die F***l Song" te sing. Dit pas glo nie in by sy styl nie. – **Roné Mc Farlane**

## 2. Rocco praat te veel en speel te min

Hoe beskryf 'n mens die kontemporêre klavierspeler Rocco de Villiers? Tydens sy *Beautiful, Beautiful Piano 2*-uitvoering staan veral twee woorde uit: "flambojant" en "teatraal". Rocco open met besielde energie wat die gehoor in die Japie Krige-ouditorium betower. Dit is egter van korte duur. Die verhaal wat sy klavierstukke vergesel, is onsamehangend. Rocco praat te veel en speel te min. In 'n stadium noem hy dat mense soms sê: "Rocco het *common* geword en hy speel *kitsch* liedjies." Tog sluit hy af met die oorspeelde Josh Groban-liedjie, "You raise me up". – **Dane McDonald**

## 3. Die Heuwels is Fantasties

Die Heuwels Fantasties have journeyed far since they first started jamming in Bellville back in 2007. These Woordfees regulars took their audience to a space between indie rock and up-tempo alt electronica in an open-air concert at Neethlingshof.

The stage was thronged by scruffy indie kids. Thirty-somethings sat on camping chairs and tapped their feet to the electro beats, while children hopped about on a massive jumping castle during the set.

The band, featuring new lead guitarist Fred den Hartog, brought their brand of wistful electronica to Stellenbosch. Their set included both old and new tracks. Among them, crowd favourites like "Nare Kaskenades", "Pille vir Kersfees" and "Noorderlig" from their debut album.

The melancholic "Nog 'n jaar" was a moving highlight from their second album, *Wilder as die Wildtuin*. – **Jan Cronje**



**Die Universiteit Stellenbosch huldig die ikoniese Suid-Afrikaanse komponis Hubert du Plessis, wat in Maart 2011 oorlede is, met 'n liedprogram bestaande uit 'n kombinasie van verskeie komposisies vir ensemble en soliste deur Du Plessis. In die foto is Zanne Stapelberg (sopraan), José Dias (pianis) en die Schola Cantorum Stellenbosch koor.** Foto: Zoë Mahopo

# Om te trou of nie te trou nie . . .

"Einstein was geskei. Dink jy jy is slimmer as Einstein?" Dit is sulke siniese kwinkslae soos dié waarmee Marlie Kock in haar kabaret, *I do . . . Do I . . .* troues en die huwelik ondersoek. Kock, self 'n student, lewer kommentaar op paartjies wat kies om jonk te trou en bekyk op humoristiese wyse verskillende stereotipes van die huwelik. Kock se toneelspel en tydsberekening sorg vir volgehoue afwagting. Die hoogtepunt van die kabaret is wanneer sy self in 'n trourok op die maat van die troumars stap. "Om die onnatuurlikheid en selfbewustheid van dié daad weer te gee," meen sy. Sy verwerk lirieke van bekende liedjies wat by die tema aansluit. Dit sorg vir groot humor. Haar oorgange vanaf toneel na sang is moeiteloos en haar artikulasie bykans foutloos. Kock word op die klavier begelei deur Lucas Heinen, self 'n meester van komiese tydsberekening.
– **Lucelle Hough**

Die skrywer **Jan Sebastian Rabie** is op 14 November 1920 in George gebore en het in Riversdal gematrikuleer.

**Laurinda Hofmeyr** is verantwoordelik vir die toneelstuk *Skeer op Richmond* se toonsettings.

The actor and writer in *Ont*, **Wessel Pretorius**, was nominated for a Fleur du Cap Award in 2010.

## Reviews in a flash

### 'Thom Pain'

"You all seem so wonderful," gushes Thom Pain to the audience. Albert Pretorius plays the antihero in *Thom Pain (based on nothing)*, directed by Tara Notcutt.
Notcutt has a talent for filling a bare stage using very little. Her *Thom Pain* stage is bare, except for a small table. The minimalist set gives burly Pretorius the task of owning the stage, which he does. He combines comedy with magic and wannabe motivational speaking. Pain flits between childhood memories and failed romance in an hour of what has been called stand-up existentialism.
Playwright Will Eno says, "If there were a T-shirt advertising this play, it should say, 'Thom Pain, he's just like you – except worse'." *Thom Pain* is a playful mash-up of ramblings, philosophy and humour. – Erin Bates

### 'Francois Toerien 8'

Die afwagting is tasbaar in die Klein Libertas-teater voordat *Die Francois Toerien show 8* begin. Minute later pyn jou maagspiere van die lag. Jou aandag word getrek deur die skreeusnaakse nuusleser (gespeel deur Martelize Kolver) wat die sewe-uur nuus om kwart oor sewe lees, 'n Islamitiese "vrou" (Altan Ungerer) wat as ontkleedanseres optree en Toerien wat sy agterstewe vir die gehoor flits. Die komedie is vlymskerp, by tye waaghalsig en die een heilige koei ná die ander word geslag. Die aand was ook groot vir Toerien, met die komedie wat vir die eerste keer regstreeks op televisie uitgesaai is. Die gehoor is op die grootskerm bederf met 'n voorsmakie van die nuwe kykNET-reeks waarin gaskunstenaars soos Anna-Mart van der Merwe en Freek Robinson gesig wys.
– Marisa Fockema

### 'Lafras Verwey'

Toe Chris Barnard in 1971 die hoorspel *Die Rebellie van Lafras Verwey* geskryf het, kon hy onmoontlik voorsien het dat Carel Nel meer as 40 jaar later dié hoofkarakter so presies op die verhoog sou kon vertolk. Lafras is 'n vaal 38-jarige staatsdienswerker met min hoop op bevordering. Te midde van sy geldtekort en soeke na identiteit, verloor Lafras sy greep op die werklikheid. Die gehoor word vasgevang tussen Lafras se fantasie-wêreld, waar hy by 'n revolusie teen 'n burokratiese stelsel aansluit, en sy realiteit, waar hy vir Petra ontmoet. 'n Onverwagse gebeurtenis sorg vir 'n dramatiese einde. – Celeste Vlok

# Nag, Ma

"Ek gaan myself skiet," sê Jessie vir haar ma, Thelma. Antoinette Louw (links) en Sandra Prinsloo (regs) speel ma en dogter in die hartroerende toneelstuk *Nag, Ma*. Jessie het 'n lys met take om af te handel voor sy sterf. Sy verduidelik eers vir haar ma waar die waspoeier is, hoe sy inkopies sal moet doen, en vir wie Thelma moet bel wanneer die skoot in Jessie se kamer klap. Die toneelstuk fokus op Thelma se stryd om haar dogter te oorreed om nie haar lewe te neem nie. Die aktrises se deernisvolle vertolking van dié verhouding het die gehoor tot trane gedryf en *Nag, Ma* is staande toegejuig tydens die toneelstuk se openingsaand. – Erin Bates en Suzaan Hauman



Foto: Esté Beerwinkel

# Agterplaas is kwaailappies

Dit is hier waar jou zef-*image* jou definieer. Jy steek jou "zaan" aan terwyl jy op die "spoelie" sit en "kokkenodge" na die wêreld daarbuite. **Marisa Fockema** het meer gaan uitvind.

"Wanneer dit finansieel met jou goed gaan, wil jy nie weet as dit met iemand anders sleg gaan nie. Dis nie 'n lekker ding om te weet nie. Dis soos iemand wat besig is om dood te gaan aan die een of ander kwaal."

Só sê die regisseur en skrywer Charles Fourie oor die kru werklikheid agter sy veelbesproke toneelstuk, *Agterplaas*.

*Agterplaas* handel oor 'n arm wit gesin wat in tannie Klets (Ester von Waltsleben) se agterplaas in 'n woonwa plak. Pa Frans (Deon Lotz) is 'n dronklap, ma Sannie (Deirdré Wolhuter) is 'n bekeerde alkoholis wie se varkies nie aldag op hok is nie, en ousus Rachel (Lanel van der Kolff) het nie matriek nie en verkoop haar lyf om geld te verdien vir haar en haar boetie Pietertjie (Charles van den Heever).

Danksy die sukses van die drama, wat benoem is vir ses Fiesta-toekennings, is Fourie nou besig om fondse in te samel om die produksie in 'n rolprent te omskep.

Die taalgebruik en voorkoms van die karakters in *Agterplaas* is zef. Hulle dra luiperdvel-frokkies, blou aangeplakte grimering, en woorde soos "zaan" (sigaret), "kokkenodge" (loer) en "spoelie" (toilet) word algemeen gebruik.

Volgens Fourie gaan *Agterplaas* nie soseer oor die zef-ding nie, maar word dit gebruik vir bemarkingsdoeleindes om bewustheid te kweek van die realiteit van wit armoede.

"Wit armoede is op die oomblik pertinent. Dit is iets wat mense nie verwag het sal gebeur nie," sê Fourie. Hy voeg by dat die gebruik van die zef-kultuur 'n lang geskiedenis het. "As jy kyk na die tagtigerjare met Johannes Kerkorrel, was die zef-ding miskien 'n teenvoeter vir die Broederbond-kerkding. Suid-Afrikaners is nou los van hierdie aspek, maar vandag is daar 'n deel van Afrikaners wat moerse geldgeoriënteerd is. Hulle wil rondry met 4x4's en uitspattig leef.

"Miskien is die vertolking van die hedendaagse zef-*image* 'n teenvoeter vir hierdie mense met te veel geld. Dit het nou net 'n kommersiële gesig aangeneem omdat armoede vandag so 'n werklikheid is." *Agterplaas* wys later vanjaar in Kaapstad en daarna wil Fourie na die Noorde beweeg.

### Lekker zef-woorde

- Vitamien B & C – **Brandewyn en coke**
- Bobbejaanbrille – **'n Bikini-toppie**
- Aaptwak – **dagga**

## Doepa vir die 'Y-generasie'

### Nathan Adonis en Roné Mc Farlane

*'N' is vir Neurose* is absoluut histeries! Moet net nie jou ouma saamsleep na hierdie satire nie, sy sal dalk nie saamlag nie.

Dit is Liz (Roeline Daneel) se *kitchen tea*. Alles loop skeef. Rachelle (Mariechen Vosloo) en Shani (Hannah Borthwick) baklei heeltyd. Elkeen sit met haar eie frustrasies en vrese, maar al drie wil 'n ek-is-in-beheer-alles-is-okei-front voorhou en hulle sê gevolglik niks. Uiteindelik kan Rachelle dit nie meer hou nie en sy erken pront: "Ek wil hê iemand wat ek nie ken nie moet my n**i dat ek nie weet wie ek is nie!" En toe, om alles te kroon, daag 'n homoseksuele *stripper* (Wessel Pretorius) ook nog op.

Die opkomende skrywer en regisseur Christiaan Olwagen en die splinternuwe teaterkollektief Polony hoop om met dié toneelstuk jongmense weer in teaters te kry. Dit spreek die vrese van die sogenaamde "Y-generasie", sowel as heersende taboes op 'n vars, komieklike en soms skokkende wyse aan. Hoewel die teks besaai is met kru woorde, is dit nooit geforseerd nie.

Olwagen verken die relevante kwessies in die lewens van vandag se jongmense. Die kans is goed dat dié jongmense gereeld tydens die vertoning sal dink: Presies! Dis waardeur ek ook gaan! Sê nou maar ek wil nie voor 30 getroud wees, babas maak en skottelgoed was nie?

Die stuk gaan moontlik by Aardklop opgevoer word. Miskien moet jy tog jou ouma saambring – dalk verstaan sy dan die jonger generasie 'n bietjie beter!

## The thing with the Polony

### Jan Cronje and Erin Bates

**What is Polony?**
Polony is a mystery meat. It is gross (but nice) and secretly enjoyed by everyone. So says the Polony theatre collective.

**Who makes Polony?**
A collection of eleven theatremakers. They like to call themselves "ninjas of the dramatic arts".

**Where do they make Polony?**
All over. Polony staged three shows at the Woordfees: *Ont*, *Sister Mary Ignatius Explains It All For You* and *'N' is vir Neurose*.

**What are the ingredients?**
Sex, nudity, swearing and violence.

**Why should we care?**
According to critic Marina Nel, principle Polony director Christaan Olwagen is the face of young Afrikaans theatre.

Die dorp **Stellenbosch** is in 1679 gestig deur Simon van der Stel en vier vanjaar sy 333ste bestaansjaar.

**Cape Town** has the fifth best blue sky in the world, according to the UK's National Physical Laboratory.

'n Totaal van **75 teaterproduksies** het plaasgevind in ses lokale oor nege dae gedurende die Woordfees



**Martelize Kolver en De Klerk Oelofse in *Sister Mary Ignatius.*** Foto: Esté Beerwinkel



**"Teekoppies vir tee!" sê Roeline Daneel (middel) in *'N' is vir Neurose.*** Foto: Esté Beerwinkel



**Roeline Daneel vertolk die titelrol in Albert Maritz se *Mooi Maria.*** Foto: Esté Beerwinkel



**Gerben Kamper en Peter Taljaard in Marthinus Basson se *'n Lewe in die teater.*** Foto: Esté Beerwinkel



**Karavaan-konflik in die drama *Agterplaas.*** Foto: Ramon MacMaster

# Marthinus Basson on love letters and angels

World renowned director Marthinus Basson gestures wildly over a cup of Häzz coffee. He wears a practical waistcoat with pockets for pens and pages of scripts. He talks, peering over circular spectacles, his face framed by a trim beard. **Erin Bates** asked him about his life in theatre.

As a child in boarding school Basson looked forward to a weekly parcel. "On Fridays," he says, "I would get a stack of reviews." These newspaper clippings taught him about theatre in cities far from his *Plattelandse koshuis.* "That's how my love for theatre started — from reading the arts page of *Die Burger*."

Today Basson is an established and respected South African director. And he still owns two scrapbooks of reviews collected in standard nine and matric.

Next year Basson celebrates 40 years in theatre. Leading up to this milestone he has directed a play about the stage. *'n Lewe in die Teater* is based on David Mamet's *A Life in the Theatre*. Mamet wrote the play in 1974 after working as an actor in London. Basson, too, was an actor before he started directing.

Some say Mamet's play is "a love letter to the theatre", but it is also a critique of the craft. "There is a lot of criticism of the obsessions and behaviour in theatre," says Basson. *'n Lewe in die Teater* is a two-hander with 26 scene changes. It charts the relationship between veteran actor Robert (Gerben Kamper) and relative newcomer John (Peter Taljaard). Robert takes it upon himself to mentor John. "We must have a life outside the theatre," he cautions his apprentice. Yet, Robert is a lonely figure, whose own life is bound to the proscenium arch.

> **That's how my love for theatre started — from reading the arts page of *Die Burger***

Like John, Basson has his own theatre mentors: Jannie Geldenhuys and Chris Pretorius. "They are my guardian angels," he says. "I still consider Chris Pretorius the most challenging and interesting theatremaker South Africa has ever seen." Basson credits Geldenhuys with teaching him economy. As a young director he thought, "Everything had to go on stage." In contrast, Geldenhuys worked with as little as possible. He clothed his actors in black and used simple lighting and minimal set, following the tenets of Jerzy Grotowski's Poor Theatre.

Although Basson lectures drama at Stellenbosch University he does not want to hand a baton to his students. "I like my students to have individuality," he says. "Every year there is at least one student that I am so in awe of. You immediately see someone like that as a colleague."

Basson's colleagues and students will celebrate his ruby anniversary in theatre next year. His latest production, *Bos,* debuts at the Klein Karoo Nasionale Kunstefees in April.

## Greeff oor haar naeltjie

Lucelle Hough

**Waarom speel jou jongste drama, *Buitepos*, in die Karoo af?**
Seker maar omdat dit 'n onpretensieuse, wye agterdoek kon/kan wees. En daardie wit streep langs die N1, daai klippe, het my nog altyd laat wonder. En Laingsburg se vloed. Ek bedoel die vernietigende, skielike waters in 'n semi-woestyn.

**Het jy bewustelik gekies om nie weer 'n vrou as hoofkarakter te hê nie?**
Miskien wou ek die sagte kant van die manlike psige verken. Sien hoe hy verlies ervaar, byvoorbeeld. En dan was daar die selfmoord van vriende, wit mans, middeljarig, wat nie meer vir hulle 'n pad in die huidige bedeling gesien het nie. *It came knocking*, sonder enige twyfel.



Foto: Foto24

**Wat is volgende vir jou? Sien ons 'n bundel kortverhale of nog 'n drama?**
Tik my om met 'n veertjie.

**Watter emosies het jy ervaar en watter gedagtes het deur jou kop gegaan toe *Buitepos* die eerste keer vir 'n gehoor opgevoer is?**
Heeltemal te donker en diep-in-die-naeltjie-duikend om met enige regdenkende mens te deel.

## Te veel temas in Karoo-drama



**Deirdré Wolhuter en Marko van der Colff in *Buitepos.*** Foto: Esté Beerwinkel

Lucelle Hough

"Buitepos het f***l." Dít volgens Karel, 'n voormalige wolklassifiseerder van dié klein fiktiewe Karoodorpie. Daar is nie water nie, daar is nie toeriste nie en ook nie geld nie.

Tog verf Rachelle Greeff, dramaturg van *Buitepos*, die emosionele leemtes van Karel en sy bestaan in die helderste Karoo-kleure.

Sy bestaan klink eers saai, maar soos die sadistiese gees van sy ma by hom spook, word die lae van sy wese afgeskilfer totdat sy lewensverhaal en smarte een vir een aan die lig kom.

Die ontplooiing van Karel se verhaal verberg soms die feit dat té veel temas aangespreek word – die dood, selfmoord, die hiernamaals, geslagsrolle, ouerskap, kindskap, emigrasie, werkloosheid, spyt, verbode en verlore liefde, rassekwessies, asook eksistensiële vrae.

Marko van der Colff, wat die rol van Karel vertolk, beeld die kompleksiteite van menswees oortuigend uit, maar sy uitspraak is soms onduidelik.

Deirdré Wolhuter, wat Karel se ma speel, sorg vir die nodige humor om Karel se wroeging met sy verlede teen te werk.

Die geykte storielyn van 'n Afrikanerman wat nie kan vrede maak met sy verlede nie, kort egter meer as Wolhuter se kwinkslae om dié tema te vernuwe.

Die ontmoeting tussen Karel en sy buite-egtelike dogter, gespeel deur Jill Middlekop, toon ook nie die nodige emosionele trefkrag nie.

Anders as in Greeff se hoogs suksesvolle *Die Naaimasjien*, is die hoofkarakter hier 'n man. Die vroulike stem word egter nie stilgemaak nie, aangesien Karel vanuit die hiernamaals deur meer as een vrou uit sy verlede gekonfronteer word.

**Afrikaans** is bekend as die wêreld se jongste taal. Dit is eers in 1925 tot amptelike taal verklaar.

**Riaan Cruywagen** was die stem van Haas Das op die gewilde kindernuusprogram *Haas Das se Nuuskas*.

South Africa has the **oldest wine industry** outside of Europe and the Mediterranean.

Regs: **Sjaka Septembir, Melanie Basson en Shaun Acker sit die *Skop* in kletsrym.**
Foto: Zoë Mahopo

Middel van links na regs: **Prof. Lizette Rabe van die departement joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch en die joernalis Elmari Rautenbach in 'n gesprek oor Rykie van Reenen.**
Foto: Esté Beerwinkel

**Mmm! Mossel potjie by De Vette Mossel.**
Foto: Celeste Vlok

**Willem Strydom se beeldhouwerk by die Rupertkunsmuseum.**
Foto: Benedict Pather










Regs: **Straatvermaak en *hiphop* by die WOW-karnaval.**
Foto: Benedict Pather

Heel regs: **'n Liplekkerlekker *wrap* by die Plataankafee.**
Foto: Celeste Vlok











Left: **Zolani Mahola and Karen Zoid zinging together.**
Photo: Benedict Pather

Below left: **A tender moment between mother and daughter in *Nag, Ma* with Sandra Prinsloo and Antoinette Louw.**
Photo: Esté Beerwinkel

Below right: **Marlie Kock besin oor huwelike.**
Photo: Zoë Mahopo











Far left: **Sister Mary Ignatius (played by Martelize Kolver), the nun with the gun.**
Photo: Esté Beerwinkel

Left: **Rocking at the *Tassenberg Straatfees*.**
Photo: Ramon MacMaster

## ‘Skop’

### Nathan Adonis

An apple is crushed under the boot of lead actor Sjaka S. Septembir. This street poet and performance artist extraordinaire speaks of love, but shows the audience it hurts.

*Skop*, written by Septembir and directed by Sandra Temmingh, evokes strong emotion from the audience. Septembir recites poetry to the sound of an acoustic guitar. He is accompanied by saxophonist Shaun Acker and vocalist Melanie Basson in this vivid, absurd piece.

When describing sex or drunken break-ups, Septembir leads the audience with his questions and verse.

## ‘Sister Mary …’

### Nathan Adonis

Sister Mary Ignatius rewards her students with cookies when they correctly recite commandments.

The Woordfees production of *Sister Mary Ignatius Explains It All for You* stars Martelize Kolver as Mary and De Klerk Oelofse as Thomas, her model student. He earns many cookies for his piety. Both actors give stellar performances.

Sister Mary’s 1995 class surprises her with a visit. After performing the nativity, satirising her teachings with the help of a camel and a doll, they attack her religious instruction.

The storyline is sometimes outrageous, but there are serious moments, too. The result? An enjoyable theatre experience.

## ‘Pa … vir dummies’

### Jan Cronje

*Pa … vir dummies* is a lighthearted comedy featuring Neels van Jaarsveld as Andries ‘Dries’ Klopper.

Tobie Cronjé directs this one man show written by Schalk Schoombie, Jackie Hancke and Kabous Verwoed.

Klopper is your average Joe until he marries and becomes a father.

Once the shock of fatherhood wears off, Klopper starts a blog for new dads, explaining how to juggle mothers-in-law, Barbie dolls, Barney the Dinosaur and sleepless nights.

This is fatherhood for beginners.

A bland script makes for poor comedy. The laughs are a bit hit and miss. *Pa … vir dummies* is heading to the Klein Karoo Nasionale Kunstefees in April.

# Strydom se kragtoer

### Malherbe Nienaber

Ná amper dertig jaar vier Amanda Strydom haar terugkoms na die teater met *Voor ek vergeet*. Dié drama het by die Woordfees gedebuteer en word ook vanaf einde Maart by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees opgevoer. Karen Marx se storie van ’n ma en seun se worsteling met ouderdom, siekte en herinnering het die gehoor aangegryp en selfs tot trane gedryf.

Strydom se spel is deurslaggewend tot die stuk se sukses ondanks die ietwat simplistiese karakterontwikkeling en eenvoudige verhoogdekor. Haar vertolking van Hendrien Botha, ’n demensielyer in die sorg van haar seun, bied ’n intieme blik op moederskap.

Hannes van Wyk stel ietwat teleur as Johan, die kankerlyer wat sukkel om vir sy ma te sorg en om die frustrasie van sy toestand en geloofsvertwyfeling te bowe te kom.

Die toneel bied ’n blik op ’n moeilike verhouding wat dien as die enigste ontvlugting van die karakters se persoonlike agteruitgang en verlies.

Dit word egter ondermyn deur die melodramatiese aanslag op alledaagse temas.

Dit is juis dié alledaagsheid waarmee die gehoor vereenselwig en gewig aan *Voor ek vergeet* verleen word.



Foto: Zoë Mahopo



**Susanne Beyers, Elsabé Daneel en Joanie Combrink in *Ou Blare*.** Foto: Foto 24

# Ou blare, kwaaivriende

Leon Kruger se nuwe toneelstuk, *Ou Blare,* bied ’n satiriese blik op die vriendskap van drie vriendinne, skryf **Rochélle Goosen.**

“Jou gesig is so vol gif, jy het net twee gesigsuitdrukkings: verbaas en baie verbaas!” snou Susanne Beyers Elsabé Daneel se karakter toe.

Die gehoor skaterlag. Hulle is hoofsaaklik middeljarige vroue, met hier en daar ’n verveelde man wat saamgesleep word.

*Ou Blare*,’n nuwe gesinskomedie uit die pen van Leon Kruger, nooi die kyker om vir ’n uur te kuier saam met drie middeljarige vriendinne.

Met die eerste oogopslag is dié karakters (wat opsetlik naamloos gehou word) geniepsige, selfbehepte niksdoeners. Hul gesprekke handel hoofsaaklik oor skindernuus, hul eie en ander mense se sekslewens en die *Huisgenoot* se voorblad.

Daneel speel die blonde tromppoppie geteister deur onsekerheid. Haar frustrasie met haarself en haar huwelik kry sporadies uiting wanneer haar humeur skielik opvlam. Haar selfvoldaanheid maak van haar ’n maklike teiken vir die ander twee, wat baie genot daaruit put om dié gewese Jool-koningin aarde toe te bring.

Daneel se karakter verwys reguit na haar vriendin se skoene as “baie onderdorp”. “En jou kinders lyk nie almal na mekaar nie,” kap Beyers se karakter teë. Die dialoog is spitsvondig, die pas blitsig en die toneelspel in-die-kol.

*Ou Blare* is ’n *collage* van Afrikaanse bourgeois stereotipes: Pick n Pay se melktert proe soos plastiek; Woolies s’n is lieflik. Die vroue is lomp met hulle selfone en het nog nooit “die Facebook gelees” nie.

Al drie karakters ly klaarblyklik aan onderdrukte woede en frustrasie. *Ou Blare* bied ’n lighartige en satiriese blik op ernstige onderwerpe soos kanker, egskeiding en vriendskap, in ’n konteks waarmee enige middelklas-Afrikaanssprekende vrou haar sal kan vereenselwig.

Wanneer Joanie Combrink se karakter ’n drankfles uit haar handsak ruk, oorspeel Kruger egter sy hand. Daneel se karakter erken vervolgens dat sy “stoute” fantasieë oor haar persoonlike afrigter het.

Die stereotipes word oordrewe en al lag die gehoor, doen dit afbreek aan die subtiele humor wat die stuk aanvanklik gekenmerk het.

Alhoewel *Ou Blare* as ’n gesinskomedie bemark word, is dit volop seksuele innuendo en verwysings na losbandigheid.

Die komedie, wat later die jaar ook by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees draai, bied ontvlugting en ’n intieme kykie na die lot van die meer belëe vrou.

Wat die gehoor bybly, is die mens se behoefte aan samesyn. Selfs al skuur, skaaf, steek en sny ons soms so aan mekaar.

# ‘Dis koue kos, skat’ dishes up a feast

### Christa Rohwer

The set is a basic one – chairs, tables and a mirror. Yet this simplicity sets the scene for the complex exploration of one vulnerable woman’s emotions.

Elzabé Zietsman, South African cabaret artist and actress, returns to the stage in this play based on Marita van der Vyver’s book of the same name. Zietsman is convincing in her portrayal of Clara Brand, a middle-aged writer struggling to come to terms with her divorce after her husband’s affair with her best friend. Zietsman immerses herself in the role and throws herself into the physical portrayal.

The humour is razor-sharp and even comical, though (at times) crude and dark. She has the audience in stitches of laughter one moment and tears in the next.

The tragedy Clara represents is universal – that of every person who has experienced pain and loss. The audience feels her pain viscerally as she faces rejection, hurt and rage.

Clara is no angel. She is real and this makes her endearing. Her life journey and road to acceptance is paved with obstacles. The story evolves over several years.

A poignant, witty script and a polished performance combine to create an unforgettable one-woman show that can leave no-one cold.

# Tussen hede en verlede: die stryd van die twee Maria’s

### Roné Mc Farlane

Dit is goed en wel om te sê dit is slegs iemand se persoonlikheid wat saakmaak, maar kan ’n mens ooit werklik heeltemal verby die uiterlike kyk?

Dít is die vraag wat Pieter Fourie in die bekende volksteaterstuk *Mooi Maria* vra.

Die jong Maria (Roeline Daneel) verloor haar skoonheid tydens ’n ongelukkige gebeurtenis en word gedompel in die benouende lewe en misvormde liggaam van ’n oënskynlike seniele ou Maria (Anthea Thompson).

Tog is sy nog dieselfde Maria in haar binneste.

Neels (Neels van Jaarsveld), haar eertydse verloofde, sukkel egter om haar vervorming te verwerk.

Die ensemblespel van die akteurs is fantasties en jong en ouer akteurs vul mekaar besonder goed aan.

Anthea Thompson dra die seer van die ou Maria op ’n egte wyse oor. André Roothman stel egter effens teleur in sy rol as dominee.

Sy karakter is te modern en ’n mens mis die statige maniërismes van die dominees van ouds.

Die regisseur, Albert Maritz, kry dit reg om die subtemas duidelik te illustreer.

Hierdie temas soos haat, liefde, vaderlandsliefde, armoede en aanvaarding wat in die konteks van die Afrikanervolk na die Anglo-Boereoorlog geplaas is, word universele temas wat tot vandag se gehore ook spreek.

**Stellenbosch** het nege teaters in totaal.

**Hunter Kennedy** of the band *Die Heuwels Fantasties* studied Fine Arts in Stellenbosch.

South Africa’s highest ever annual **rainfall** – 3874mm – was measured at Jonkershoek outside **Stellenbosch** in 1950.

# Die gentleman van fijne keuken

Tussen die Bolandse berge is ons eie meesterkok se tasse reeds vir New York gepak. Met sy terugkoms is sy eerste prioriteit egter die kerkbasaar. **Marisa Fockema** en **Christa Rohwer** het met die sjef gesels.

Dit is 'n warm, winderige Saterdagoggend op Stellenbosch. De Vette Mossel is 'n oase van skadubome, seesand en seekosgeure wat jou mond laat water. Kompleet asof jy teen Grootbrak se duine sit.

Die visnette wat die opelugrestaurant omring, is behang met boeie en plakkate waarop reëls uit bekende Suid-Afrikaanse lirieke pryk: van Lucas Maree se "Ek sou kon doen met 'n miljoen" tot Dozi se "Ou ryperd ons ry die pad tesame".

Die sowat 200 gaste gaan staan met hul papierborde en blikbekers in 'n lang ry, soos by 'n skoolkamp, om ontbyt te skep. Hulle is ingenome ná die praatjie van die formidabele Reuben Riffel, chef extraordinaire, restaurateur en skrywer – Suid-Afrika se "gentleman van die kulinêre wêreld."

Van die meer geesdriftige aanhangers vergeet van die kos en vergader rondom Reuben om 'n handtekening of 'n kiekie te kry. Hy glimlag en gee aan elke bewonderaar sy onverdeelde aandag.

Toe die handtekeningjagters wegbeweeg, skep ons kos in en skuif blitsig op die houtbankie voor Reuben en sy lieflike vrou, Maryke, in.

Hy gesels oor 'n opkomende episode van *Masterchef SA* waarin hy te siene is. Eendag wil hy sy eie unieke Suid-Afrikaansetelevisieprogram op die been bring. Iets wat die prag van die land, die diversiteit, kultuur en kos weerspieël. "Want kos en kultuur," sê hy, sy vingers inmekaar gevleg, "gaan maar eintlik saam".


Foto: Esté Beerwinkel

'n Bewonderaar skuif nader om 'n kiekie te neem. Die man met die breë glimlag, sterk hande en mooi skoene stem vriendelik in.

Reuben sê hy het geen planne om die wêreld oor te neem nie. Hy praat oor sy mense, sy land en sy oneindige hartstog vir kos. Hy is op sy gelukkigste in sy tuisdorp, Franschhoek, en het geen planne om die land te verlaat nie. "Ek is optimisties oor wat nog gaan kom in ons land en wil graag deel wees daarvan."

Hy vertrek eersdaags na New York waar hy gaan deelneem aan *The Today Show* wat soggens deur agt miljoen mense gekyk word. Hy is angstig oor sulke opnames; hy kan net nie aan die glans gewoond raak nie. In dieselfde asem vertel hy van die kerkbasaar waar hy en Maryke binnekort die potjiekos-kompetisie moet behartig. Aan sy stem kan jy hoor die twee geleenthede is vir hom ewe belangrik.

Dit is tyd vir Reuben om te groet. Die skrywer Riana Scheepers het ná sy praatjie vir hom vars produkte uit haar eie tuin gebring. "Kos is die beste geskenk," sê hy terwyl hy en Maryke die vrugte en groente in haar handsak pak. Scheepers het ook vir hom haar ouma se *Turkish delight*-roomysresep gegee.

Soos 'n kleinood vou hy dit op en bêre dit in sy dagboek. Hulle glimlag en wuif, stap weg. Is dit moontlik dat sulke mense nog bestaan? Hulle het die wêreld aan hul voete, maar hul voete plat op die grond.

## Bloem se kosgeheim

Niël du Bois, die eienaar van De Vette Mossel, doop sy seekos-ontbyt "Bloemfontein-konkoksie".


Foto: Celeste Vlok

Dit sorg dat feesgangers alle inhibisies verloor en soos kinders hul borde met roosterbrood skoonvee op soek na daardie laaste krieseltjie smaakgenot. Ná nege jaar in die kosbedryf en vyf jaar by die Woordfees, is du Bois se seekosgeheim "van die rooster, in jou bord, na jou maag."

Dit is juis De Vette Mossel se pretensielose blikbekers en blikborde, en die feit dat jy vir jouself kan opskep, wat Reuben Riffel laat glimlag. Hy sê seekos is soms swaar so vroeg in die oggend, maar in díe geval was die smake "net reg". "Dis *bold* en iets anders."

**Celeste Vlok**

## Rusbank-koffie hier

Die Plataan-kafee, tydelik genestel agter die Sasol-kunsmuseum, het vir die vyfde jaar in 'n ry gesorg dat geen Woordfeesganger honger ly nie. Skoene kon uitgeskop word terwyl gaste diep in een van die kleurvolle rusbanke kon wegsink met 'n geurige koppie roomkoffie en 'n karamel-klam stuk fudge-koek.


Foto: Celeste Vlok

RSG het soos altyd regstreeks vanaf díe waterpunt uitgesaai en van soggens vroeg het feesgangers tougestaan vir die ontbyte. Die chef Reuben Riffel het dit beskryf as "die perfekte ontbyt", veral omdat die roereier romerig was "soos dit moet wees" en die organiese tamaties geklee is in eenvoudige vars kruieblare. "Ek sal dit graag wéér eet."

**Celeste Vlok**

## Aan Tafel sê-goed

Noemenswaardige aanhalings tydens die Woordfees.



"Vir 'n ou wat nie aldag kamerade rondom hom het nie is daai kameraadskap van 'n hond van onskatbare waarde." – **Johan Bakkes, skrywer**



"Ek hou van die woord 'erfeniskos', want boerekos is dit nie. Ek is nie 'n boer nie, ek is 'n Afrikaner." – **Renata Coetzee, koskenner**



"As julle hoor 'n aktrise is gearresteer buite Baviaanskloof, dan weet julle ek het die pad gevat." – **Amanda Strydom oor *Voor ek vergeet*.**



"Wie wil nou 'klassiek' sê as jy *classic* kan sê? Wie wil 'byderwets' sê as jy *hip* kan sê? Wie wil nou 'verengelsing' sê as die 'T-opsie' sal voldoen." – **Prof. Dirk Louw, kliniese sielkundige**



"Huiskos is dit waarna jy altyd terugkeer, want dis eerlike kos." – **Anneke Blaise, redakteur van *Tuis***



"Ek geniet nie meer die kos wat vir jou sooibrand gee nie." – **Reuben Riffel oor gemorskos**



"Dit moet ons maar van filosowe verstaan, ons is slegte verloorders." – **Prof. Anton van Niekerk, filosofie-hoogleraar**



"Gesonde oordeel is iets wat die filosofie soms vir jou sal bederf." – **Dr. Gerrit Brand, joernalis en filosoof**



"Afrikaans is die mees Suid-Afrikaanse taal, die enigste taal wat hier mens geword het." – **André P. Brink, skrywer**

Fotos: Foto24/ Media24/ Esté Beerwinkel/ Zoe Maho/ Verskaf

The original Stellenbosch **wine route** was founded in 1971

Skrywer **Christiaan Bakkes** tree op as gids en bewaringsbeampte vir Wilderness Safaris in die Damaralandse woestyn

Die **H.B. Thom-teater** spook glo – voetstappe van prof. Fred Engelen word gereeld gehoor


**Groen maskerade.**
Foto: Ramon MacMaster

# ‘My naam is Dave Pepler en ek is ’n ateïs’

“Die helfte van die boek is uitstekend,” sê die afgetrede predikant ds. Frits Gaum, waarop die wetenskapsjoernalis prof. George Claassen hom met ’n Mona Lisa-glimlag troef: “My helfte van die boek is óók mooi.”

Gaum, voormalige redakteur van *Die Kerkbode*, en Claassen, bekend vir sy ateïsme, verteenwoordig immers twee pole. Desnieteenstaande het dié twee vir die eerste keer in Afrikaans in een boek onderhoude met twaalf “ongelowiges” en twaalf “gelowiges” gevoer. Die uiteinde is die boek *God? Gesprekke oor die Oorsprong en Uiteinde van Alles*, wat Vrydag tydens die Woordfees bekend gestel is.

Die gesprek is gelei deur die joernalis Elna Boesak in Erfurthuis, met gehoorlede wat op die vloer en selfs op die verhoog gesit het.

Baie mense moes buite bly en die son trotseer of langs die oop deure staan en luister. Godsyweraars het ná afloop van die praatjie godsdienstige traktaatjies uitgedeel.

In die laer van die ongelowiges, twyfelaars en agnostici het die omgewingskundige Dave Pepler, aanbieder van *Groen* op kykNET, verduidelik hoekom hy sy hoofstuk in die boek afskop met die woorde: “My naam is Dave Pepler en ek is ’n ateïs.”

Volgens hom is dit ’n gelykmaker, net soos by Alkoholiste Anoniem, waar hy homself voorgestel het as: “Ek is Dave Pepler en ek is ’n alkoholis.” Hy het vyftien jaar gelede ophou drink. Prof. Manie van der Spuy, ’n afgetrede hoogleraar in die psigiatrie, het vanuit die gehoor gesê: “Ek vind dit onmoontlik om te glo dat ’n liefdevolle en barmhartige God die hele mensheid tot in ewigheid verdoem het omdat ons mitologiese voorvader Adam vrugte gesteel het.”

Die gesprek is gekenmerk deur verdraagsaamheid aan albei kante, en ’n nuwe bereidwilligheid tot gesprek. Die uiteinde is ’n broodnodige diskoers waarin selfs die “ongelowiges” soms vonke van geloof toon en die “gelowiges” skadu’s van twyfel.

***LIP*-redaksie**


**’n Feesganger sit haar beste voetjie voor.** Foto: Esté Beerwinkel

# Die Woordfees brêg met haar spiekeries groen baadjie

Met hierdie jaar se groen Woordfees-tema is die (energiebesparende) kollig vir die eerste keer op die koolstofvoetspoor van die fees en feesgangers, berig **Shané Barnard**.

Prof. Dorothea van Zyl spit versigtig grond tussen die boomwortels in en druk dan die grond rondom die stamme gelyk. Op ’n groot oopte in die J.S. Marais-natuurreservaat vind 20 inheemse waterbessiebome hul nuwe tuiste .

Van Zyl, direkteur van die Woordfees, het feesgangers tydens dié fees se boomplant-uur, *Bome by Dosyne*, aangemoedig om “hul ware kleure by die Woordfees te kom wys”. Die gewensde kleur is vanselfsprekend, nes van Zyl se uitrusting, groen – die tema van vanjaar se fees.

*Bome by Dosyne*, wat die fees se koolstofvoetspoor wil verminder, is een van verskeie pogings om die fees te vergroen, het die projekbestuurder, Jan Odendaal, gesê.

Volgens Odendaal het “feeste ’n groot koolstofvoetspoor en die Woordfees is geen uitsondering nie”.

Verskeie van die kunstenaars en feesgangers reis spesiaal van regoor die wêreld na Stellenbosch.

“Ek hoop Marita van der Vyver plant ’n boom, sy het al die pad van Frankryk gevlieg!” het hy geskerts.

Volgens Odendaal is dit nie net besoekers se vervoer wat ’n diep koolstofvoetspoor in die omgewing agterlaat nie, maar ook hul verblyf in gastehui-se met hoë elektrisiteitsverbruik.

Hy glo mense wat die Woordfees bywoon, is die leiers van die gemeenskap en daarom moet hulle ’n voorbeeld stel.

Die Woordfees het vanjaar ook die eerste keer ’n raadgewende firma in diens geneem wat daarop fokus om die fees meer groen te maak, en ook onder andere die vaste afval by die fees herwin. Cobus Smit van Let’s Talk Rubbish, aan die stuur van dié projek, sê Woordfees-restaurante gebruik onder andere herwinbare messegoed wat van hout gemaak is en papierkoppies vir wegneemkoffie in plaas van onherwinbare polistireen-produkte.


Op dié manier word die hoeveelheid vullis wat op die stortingsterrein eindig, verminder. Alhoewel die projek nog in sy babadoeke is, hoop Smit dit sal volgende jaar uitgebrei kan word.

“In hierdie stadium is dit nog deel van bewusmaking.”

Elsabé Brits, wetenskapsjoernalis by *Die Burger*, glo ’n groen leefstyl is egter veel meer as om bloot te herwin. “Ons moet onsself nie as regeerders oor die aarde sien nie, maar eerder as versorgers.”

Brits was een van drie kenners wat aan ’n ‘Praat Saam’-gesprek, ge-titeld *Hoe lewe ’n mens ‘groen’?*, by die Plataankafee met Lynette Francis van RSG deelgeneem het. Dave Pepler, kykNET-aanbieder van die natuur-program *Groen*, het gesê Suid-Afrikaners moet ’n kopskuif maak sodat elke mens daagliks groen keuses kan maak.

Volgens Odendaal wou *Bome by Dosyne* juis dié geleentheid aan feesgangers bied. “Iemand wat ’n boom plant, glo in die toekoms,” het hy gesê.





**Is dit ’n mens of is dit ’n plant? Mensverf by die WOW-karnaval.**
Foto: Benedict Pather



**Daaglikse uitstallings by Erfurthuis.** Foto: Esté Beerwinkel


**Kinderpret by die WOW-karnaval.**
Foto: Benedict Pather

Zolani Mahola and Freshlyground won an MTV Europe Music Award for the **Best African Act** in 2006.

**Reuben Riffel** started out as a waiter at Chamonix wine farm in Franschhoek.

**John Kannemeyer** het biografieë geskryf oor onder andere D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en Jan Rabie.

# WOW se musikale towerkrag

Tieners het die krag van musiek by die Woordfees ontdek. **Christa Rohwer** het gaan ondersoek instel.



**Die jong musici het tydens werkwinkels les ontvang in die fyner kunsies van die Franse horing by Andreas Binder van Harmonic Brass.** Foto: Zoë Mahopo

"As jy 'n passie het vir musiek, dan voel jy goed," sê Shaun Booysen terwyl hy wag vir die Woorde Open Wêrelde (WOW)-musiekwerkwinkel om te begin.

In sy tipiese tienerdrag van sweetpak en *sneakers* staan hy nie juis uit onder die skarrelende kinders in die Endler se voorportaal nie. Sy hande omvou egter 'n ongewone goue instrument, die enigste van sy soort by dié werkswinkel.

"Dis 'n *E-flat horn*," verduidelik hy trots. Sy oë glinster terwyl hy liefdevol oor die gladde metaal streel. Dis vol krapmerke en twee van die drie vingerkleppe ontbreek, maar vir hom is dit goud werd.

Shaun speel al vir drie jaar in sy kerk-*band* in die Paarl. Hy sê daar is baie kinders in sy gebied wat betrokke is by dwelms en misdaad en ophou skoolgaan het. Hy wil nie sy vriende by die afgrond af volg nie, want hy glo "sonder skool gaan jy nêrens kom nie".

Musiek was sy redder. "Ek het besluit om hiér betrokke te wees, want dit hou my uit die kwaad uit."

"Dis my eerste werkwinkel," sê Shaun, maar "beslis nie die laaste nie". Die WOW-projek mik om kunste te bevorder deur verskeie werkwinkels wat by die Woordfees aangebied word. Die Duitse blaasorkes Harmonic Brass het die klasse aangebied. "Ek het baie geleer. As ek klaar is met skool, gaan ek verder in musiek leer."

Shaun droom daarvan om 'n musikant te word en eendag deur die wêreld te reis. Hy staar die verte in en noem die lande wat hy wil besoek – Duitsland, dalk Frankryk.

In die Endlersaal tree Harmonic Brass op. Shaun haas hom na die middelste sitplek in die voorste ry. Hy wil nie 'n oomblik mis nie.

Met die eerste towerklanke van die orkes verhelder sy gesig. Hy kan nie sy oë van hulle afhou nie. Hy swaai op die ritme van die musiek, hy hop saam met die *beat*. Tydens die staande ovasie sukkel hy om hande te klap, want hy klou steeds aan sy instrument vas. Ná afloop van die vertoning is hy sprakeloos – net 'n breë glimlag, 'n knipogie en 'n *thumbs-up*.

Dit is bewolk buite en die meeste van die busse met die klomp kinders het al vertrek. Shaun sit op 'n muurtjie onder die Konservatorium se swaaiende plataanbome. Uit sy beminde "*E-flat horn*" stroom 'n suiwer Miriam Makeba-deuntjie. Sy oë is toe. Dié musiek, hoop hy, sal eendag vir hom wêrelde oopmaak.

## Die 'kaalvoet kanaal-aap' agter die Woordfees

**Agter die Woordfees staan daar 'n span. En agter die span is daar 'n man. Dié man is die bekroonde digter Melt Myburgh. Leané Meiring het met die digter-dosent *extraordinaire* gaan gesels oor die fees, poësie en wie hy nou eintlik is.**



Foto: Celeste Vlok

**Wat onderskei die Woordfees van die ander Afrikaanse Kunstefeeste?**
Riaan Cruywagen het gesê hy geniet die fees omdat daar net iets is wat dit op 'n hoër vlak sit. Daai effense Cleopatra-neusie in die lig.

**Hoekom dink jy is dit op 'n hoër vlak?**
Mense suip nie hier soos by ander feeste nie. Ons doen ook nie die *backtrack*-ding nie. Ons kan dit gelukkig nie bekostig nie.

**Wie is jou gunsteling digter?**
Oe! Daar is so baie maar Antjie Krog staan uit. Sy laat my twyfel oor my seksualiteit.

**Wie is die man agter die fees?**
Nou vra jy my vas. Ek bly maar in my hart 'n kanaal-aap wat kaalvoet en snotneus langs die Oranjerivier grootgeword het en gelukkig is om te wees waar ek vandag is.

**Kunstenaars is moeilike mense. Is jy ook moeilik?**
Nee, ek is die maklikste mens . . . en die goedkoopste.

**Jy het die Ingrid Jonker-prys gewen vir jou debuutbundel, *Oewerbestaan*. Behoort jou hart aan die poësie of kan ons later prosa verwag?**
Etienne van Heerden het gesê dat romanskrywers altyd die vroue en die geld kry, maar die digter, hy kry die gedig.

**Ek aanvaar dit as 'n nee . . .**
Ek het nie die uithouvermoë om 'n roman te skryf nie.

**Wat sal die titel van jou lewensverhaal wees?**
Hopelik *Oewerbestaan*, en nie *Boewebestaan* nie!

**Hoekom is jy betrokke by die Woordfees?**
Ek kort die geld. Nee, ek grap sommer. Ag, dis lekker en ek geniet dit vreeslik.

**Gunsteling woord?**
Aikôna!

## Hendricks, Colin Hendricks

**Dane McDonald**



Foto: Verskaf

Colin Hendricks recalls being in grade five when a child psychologist told him, "You're from Wellington, you're never going to make it." He decided to show her that a coloured *laaitie* could make it.

Hendricks was an introvert and in response to a question during therapy about his future, he said "I want to be a journalist". As a child he was "mad about the *Huisgenoot* magazine". At school he loved essays and always had "out-of-the-box ideas". "I even wrote thrillers," he remembers fondly.

Hendricks comes from humble beginnings. "I was three years old when my mother and father divorced, so my mother was the only breadwinner in the house."

In 2006, Hendricks was the first student to receive the *Woorde Open Wêrelde* (WOW) bursary, which covered all his study and living costs.

In 2009 he completed his BPhil degree in Journalism at Stellenbosch University and he currently works as a reporter at *Die Son*.

This young journalist praised WOW and the Woordfees, saying "they keep Afrikaans alive by making it pleasurable". Each year he helps out with the WOW school newspaper project and the WOW day.

Hendricks is often asked to do motivational talks at schools and says: "Changing one child's life gives me enough gratification."

## In vino veritas…

Only in its second year, *Drink, Dig, Eet!* is a poetry evening for students, hosted by the Adam Tas student society.

The event featured seven of the society's poets taking turns to recite their work. Guitarists strummed along, adding depth to the recitals.

The event was laid back, with people happily enjoying wine and snacks during the readings. The informal vibe created an atmosphere that lent itself to intimacy and introspection. The floor was opened to the audience during the second half of the evening. A few brave souls joined the featured poets on stage, sharing their toils with strangers and friends alike.

The open mike session was followed by a final round of readings by the poets. With the wine running dry and the wordsmiths feeling spent, the night closed with rapturous applause.

**Byron Messaris**

## 'LIP' op facebook

**facebook > *LIP* 2012 > foto's > videos**

**> Karen Zoid en Zolani Mahola**
Ongewone duo stem saam dat Afrikaners plesierig is.

**> Riette Rust**
Seksskrywer verduidelik "hoe dít werk".

**> Louis de Villiers**
Rugbyskrywer voorspel watter Springbokke sy boek gaan lees.



**> Riaan Cruywagen**
Riaan Cruywagen IS die nuus!

Riaan Cruywagen's first television broadcast was in **1975**.

Stellenbosch's **Villiera Wines** is one of the world's greenest wineries. Its solar panels produce 726 kWh of energy daily.

Actress **Marion Holm's** first role was that of Inès in Jean Paul Sartre's famous existentialist play *In Camera* (1983).

# A future without black or white

Struggle veteran and poet Mongane Wally Serote enthralled an audience at Erfurthuis. He shared his thoughts with **Aimee McDonald**.



**Mongane Wally Serote sharing his thoughts at Erfurthuis.** Foto: Benedict Pather

> **I experienced the utter cruelty of human being against human being**

"This way I salute you:
My hand pulses to my back trousers pocket
Or into my inner jacket pocket
For my pass, my life,
Jo'burg City."

Hearing a poet reading his own work is like breathing life into a sculpture and watching it dance. Mongane Wally Serote laughs. "This poem 'City Johannesburg' follows me everywhere! I wrote this poem in the sixties and forgot about it. It really humbles me; I realise something happened in this poem which speaks to people."

The smell of wood and wine mingle in Erfurthuis. Here Serote addressed a room packed with entranced old ladies and several English lecturers. The room is decorated in every shade of blue imaginable, from sky to cornflower.

Serote himself is wearing a shade of royal blue, as if he intended to match his surroundings. He is taller than I would have imagined. Each line of his weathered face tells the story of his involvement in the armed struggle and the Black Consciousness movement of the seventies.

Serote (68) began writing poetry at the age of fourteen and spent nine months in solitary confinement for his outspokenness about apartheid, eventually going into exile.

"I've always said, it is very unfortunate that when you're a writer you grow up in public. Today I'll say something and then ten years later I'll look at it and say, 'I shouldn't have said that, it's so awful.' But that's the fate of a writer."

For inspiration, he says, he draws on human nature. "It's a very fascinating thing. I don't know when, as human beings, we're going to discover the utter strength that we have. My whole being is focused on understanding that."

Is it an unusual experience for a struggle veteran to come to a town where some of the engineers of apartheid were nurtured? "Stellenbosch may have this very dubious past, but Stellenbosch has not stood still," he says. "I think like the country itself, Stellenbosch is involved in the issues of transition."

Serote believes in creating dialogue between diverging views in society. He shares an anecdote about an exchange with Steve Hofmeyr when he was CEO of Freedom Park in Pretoria. The controversial celebrity challenged him about Freedom Park (a monument to the heritage of South Africa, from pre-colonialism to the present day) and the fact that the names of five thousand men who died in the border wars were missing from the site.

Serote took up his challenge and invited the surviving family members of the men to Freedom Park. "Now we are faced with this frail thing called human beings. They were there, face to face, eyeball to eyeball. That is a very painful chapter in our history." Serote has since retired from Freedom Park.

During the struggle years, he notes, "I experienced the utter cruelty of human being against human being".

"Whatever degeneration South Africans were experiencing, all of us were experiencing."

Yet he is positive and hopeful about where his fellow countrymen are heading. "The day we can arrive at a point where there are no white people and no black people, but there are South Africans, that would be amazing. If we were to do that, we'd be far away from anything about apartheid in this country."

1. **Serote and his wife manage a non-profit organisation.**
2. **In 1973 he won the Ingrid Jonker Prize for debut poetry in English for his collection *Yakhal'inkomo*.**
3. **Serote was awarded a Fulbright Scholarship and studied at Columbia University in the USA.**
4. **He is a traditional healer: "I throw bones, I can tell you about your distant past, distant future, and your present."**

## Baasspeurder lok skare ongeag 'swartsmeerdery' in die media

**Leané Meiring**

"Ek is woedend. Dit is alles versinsels," was baasspeurder Piet Byleveld se reaksie oor onlangse berigte in die media wat hom met die sakeman Tony Vardas verbind.

Byleveld, wat by die Woordfees was om te praat oor sy loopbaan van 34 jaar op die spoor van ons land se mees berugte misdadigers, het aan *LIP* gesê mense probeer sy naam swartsmeer in die media.

Dit was in reaksie op 'n berig in die *Sunday Times* waarin beweer is Byleveld het nouer bande met die Vardas-familie as wat hy voorheen voorgegee het.

Die storm om Byleveld het losgebars nadat hy Vardas in 'n tydskrifartikel bedank het vir die trouring wat hy geskenk het aan Byleveld se vrou, Elize Smit. Byleveld het erken dat hy die geskenk aanvaar het, maar ontken enige persoonlike verhouding met Vardas.

Vardas word tans deur die Valke ondersoek, onder meer weens vermeende bande met die Rolex-bende, wat toeslaan op rykes en hul juwele steel. Hy ontken egter sy bande met dié berugte bende.

Byleveld, wat reeds in 2010 afgetree het, se naam is egter steeds vir die meeste Suid-Afrikaners sinoniem met geregtigheid. Dit was duidelik uit die groot skare wat sy praatjie by die fees bygewoon het.

Byleveld en sy biograaf, die bekroonde joernalis Hanlie Retief, het tydens die praatjie 'n paar hoogtepunte uit sy loopbaan uitgelig soos wat dit in sy biografie, *Byleveld: Dossier van 'n baasspeurder*, verskyn.

Dié boek, wat verlede Oktober vrygestel is, is al in sy sesde druk, met 53 700 kopieë (Afrikaans en Engels) wat reeds verkoop is. Daar is ook vyf produksiemaatskappye wat meeding vir die rolprentregte. Smit het gesê sy dink Ian Roberts is die regte akteur om die rol van haar man in die film te vertolk.

Volgens Byleveld sou hy nooit kon dink dat sy besluit om eerder polisieman as predikant te word, hom van Brixton se moord-en-roof-eenheid tot by die Woordfees sou bring nie.

Hy het sy sukses toegeskyf aan die respek waarmee hy elke verdagte behandel het en bygevoeg dat alles wat hy in sy loopbaan gedoen het, vir die beswil van die gemeenskap was.

"Keer op keer word ek egter steeds gesien as die vark in die verhaal," het hy kopskuddend gesê.



**Piet Byleveld vertel van sy lewe as speurder.** Foto: Zoë Mahopo

2001: Die jaar waarin **Karen Zoid** haar eerste album vrygestel het.

1985: Actors Sandra Prinsloo and John Kani's **interracial kiss** in *Miss Julie* causes an audience walkout.

25°C: The average midday **temperature** in Stellenbosch during March.

## Keep your hat on

Johan and Christiaan Bakkes are not the type of men who take off their bush hats when indoors. Calling loudly for more Windhoek beer, the two took to the stage at the Woordfees Boektent to talk about their latest books.

Christiaan has just released *Stoffel op Safari*, the sixth book in his popular *Stoffel* series about his off-the-beaten-path adventures. His elder brother Johan's *Oepse Daisy* has been on the shelves for a few months. The packed tent was a testament to their popularity. Most of their shows sold out well in advance.

They do not adhere to book talk conventions. Tossing aside any resemblance to a programme, the brothers entertain with off-the-cuff remarks and stories that range from hair-raising wilderness encounters to poetry. The audience would have it no other way.

Johan has the easy charm and the resinous voice of an expert storyteller. Christiaan is the loner; he lives in a tent and works as a guide in the vastness of Namibia's Damaraland.

Their talk finishes too soon, but the audience stays to cluster around the brothers outside.

**Jan Cronje**



**Johan Bakkes**
Foto: Foto24

## Soetgoed in oorvloed

Feesgangers stap by Erfurthuis uit ná 'n gesprek met die skrywer en kok Marlene van der Westhuizen, en sê hulle voel opnuut geïnspireer om te eksperimenteer in die kombuis.

Carmen Niehaus, die kosredakteur van *Huisgenoot*, het pas met Van der Westhuizen oor *Soetgoed* gesels – 'n resepteboek met nagenoeg 60 nagereg-resepte uit laasgenoemde se kombuis.

Hoewel Van der Westhuizen self geen soettand is nie, bevat die boek liplekker-resepte: van sjokoladefondant tot saffraanpere en piesangbrood.

Sy bieg dat sy haar resepte "steel". As jy haar vir ete nooi, bestudeer sy die kombinasies sorgvuldig, en by kosmarkte kyk sy na die verskillende produkte en gooi dit in haar gedagtes bymekaar. *Soetgoed* se resepte is ingedeel volgens seisoene en is enig in hul soort. Daar is onder meer vinkeldruiwetertjies en likeur-kersiesorbet. Die resepte se name is uniek, met interessante stories daaragter: van "Bella se kaaskoek" tot "Bambi se gebakte vla" en "Pistachio-koek met engeltjiepiepie".

Van der Westhuizen is reeds besig om te skryf aan 'n nuwe resepteboek, *Oorvloed,* wat in Desember op winkel-rakke sal verskyn.

**Marisa Fockema**

# Dana en die 'technicolour' voëlvlug van onthou

**Marlies Haupt**

Ek stap in by die Dorpstraat Restaurant Teater op die wynplaas Summerhill en steek verbaas in my spore vas. Voor my by die toonbank staan Joon Sterrekyker uit die film *Roepman*. Skielik is dit 1960 en die rooi gloed van die teater se interieur neem my op 'n voëlvlug terug die verlede in. Dit is 'n reis van nostalgie en bittersoet herinnering.

Dan besef ek Joon is eintlik John-Henry Opperman van die musiekgroep Klopjag. Die *band*-lede begin speel en Opperman sing: "Hoe sal jy weet dat jy bloei as jy jouself nie eers kan sien nie."

Die tjello se weeklaag klink soos die tjoek-tjoek van ou *shunt*-trokke op die spoor.

**Hier huil jy net twee keer: wanneer jy aankom en wanneer jy weggaan**

Almal se oë is op Dana Snyman, die bekende joernalis en storieverteller wat 'n bekende in Afrikanerhuishoudings geword het. Hy kom sit op 'n lae stoeltjie asof om 'n kampvuur. Hy knik sy kop en begin sy storie vertel. "Jy weet iets is verkeerd as ...", lui hy sy eerste verhaal in en Klopjag sing hulle ironiese refrein: "Drink, drink, want vanaand is ons konings."

Dis asof jy weer klein is en grootoog luister na stories wat jou Ouma vertel uit haar kinderdae. Snyman laat jonk en oud met heimwee terugdink aan "eens op 'n tyd toe elke Afrikanermotor 'n maroen kassie met *tapes* in gehad het".


"Hier huil jy net twee keer," sê Dana. "Wanneer jy aankom en wanneer jy weggaan."

Hy en Annelie van Rooyen "Neem [ons] op vlerke" deur die Namibiese dorpies Marienthal en Keetmanshoop, maar eintlik deur 'n Suid-Afrika van ouds.

Klopjag vang die gehoor se gemoed vas. "Vanaand is 'n slegte tyd om alleen te wees. Vanaand is 'n goeie tyd om bietjie te vergeet," maar eintlik is almal van ons besig om in *technicolour* te onthou.

# Siener – profeet of waarsêer?

Gooi 'n klomp regse Afrikaners, konserwatiewe Christene, liberales en 'n skeptiese geskiedenisproffie bymekaar en dit sorg vir hewige debat rondom Siener van Rensburg. **Roné Mc Farlane** was daar met haar notaboek.




**Prof. Andries Raath met sy nuwe boek *Niklaas van Rensburg – Die Siener*.** Foto: Theo Jeptha, *Volksblad*, *Ons Stad*

Die Woordfees se Boektent is vol.

Prof. Andries Raath van die Universiteit van die Vrystaat het die gehoor gaande oor sy nuwe boek, *Niklaas van Rensburg – Die Siener*. Grys koppe dobber in afwagting op die stories oor die man wat meer as 700 voorspellings gemaak het, "waarvan die meeste glo waar geword het".

Van die belangrikste is sy voorspelling van die Verskroeide Aarde-beleid tydens die Anglo-Boereoorlog en die dood van generaal Koos de la Rey. Dié generaal is nou wel al 80 jaar gelede oorlede, maar sy woorde het vandag nog 'n impak, glo baie Afrikaners.

'n Ou tannie skryf verwoed in haar notaboekie nog voor Raath begin praat. Die bruin jongeling wat kaartjies by die deur kontroleer, kies koers na die Plataankafee. Almal anders is wit.

"Siener was 'n profeet, nie 'n waarsêer nie," beklemtoon Raath. Die verskil? Glo dat die een, soos Moses of Jesus, boodskappe van God ontvang, terwyl die ander self die toekoms voorspel (en natuurlik baie meer heidens is).

Martiens van Bart, die onderhoudvoerder en joernalis by *Die Burger* wat met sy gryserige baard en swart pak lyk of hy dalk self Siener kon gewees het, vra vir Raath hoe ons Siener se gesigte vandag kan aanwend.

"Mense moenie op hol gaan met interpretasies nie," sê die professor. "Die belangrikste boodskap was dat mense hulle moet voorberei vir tye wat moeilik gaan wees."

Raath seil die ganse uur lank netjies om omstrede kwessies en konsentreer net op Siener se "diep geestelike toewyding".

Hy sê niks oor Siener se voorspelling: "Ek sien die vierkleur wapper weer," of die sogenaamde nag van die lang messe (uhuru) wanneer swartmense skynbaar alle witmense gaan uitwis nie.

Ná afloop van die praatjie sê hy oor die vierkleur-visioen: "Siener sien die Afrikaner herwin sy vryheid, mits ons 'n gelowige volk bly."

Die nag van die lang messe, sê Raath, is 'n verkeerde interpretasie van Siener se voorspellings. "Siener sou self ook daarteen kapsie gemaak het."

Prof. Albert Grundlingh, voorsitter van die departement geskiede-nis aan die Universiteit Stellenbosch, meen Raath ignoreer enige argumente wat nie in sy paradigma inpas nie.

"Daar is literatuur wat ander standpunte as Raath huldig, maar hy verwys nooit daarna nie," sê Grundlingh.

'n Boek moet nie net herproduseer wat reeds gesê is nie, maar moet krities te werk gaan met beide argumente vir en teen sy standpunte.

Hy sê 'n mens moet die vervul-ling van die visioene met 'n knippie sout neem.

"Hy (Siener) het geweldig baie visioene gehad. Dit is asof jy met 'n masjiengeweer skiet. Een of ander tyd gaan jy iets raak skiet. Wat van al die ander goed wat hy voorspel het wat nooit gebeur het nie?"

Baie verregses het Siener se visioene heeltemal verdraai en misbruik dit vir hul eie oogmerke.

Die Suidlanders het byvoorbeeld 'n hele ontruimingsplan uitgewerk vir die dag as uhuru kom en gebruik dit om mense teen die "swart gevaar" op te sweep.

In 2002 het die Israeliese Identiteitsbeweging gepoog om die Vaaldam op te blaas ten einde die beloofde vryheid van die Afrikaner te volbring.

Wat ons by die vraag bring: Lê die krag soseer in die profesie of is die vonk in die kruitvat dat die ontvanger tot aksie laat oorgaan? Word Siener se visioene nie dan 'n selfvervullende profesie wat van die Afrikaner 'n Macbeth maak, wat sy eie ondergang bewerkstellig nie?

## Diskoers

Some of the most controversial statements made during the Woordfees discourse sessions, heard at the Plataan-kafee:

### On revolution

"We are in the middle of a revolutionary climate but one based along racial lines which will lead to large-scale violence if nothing is done." – **Gerrie Swart, Stellenbosch University department of political science**

"The slogan was 'Liberation before education!' Well, the liberation came and the people who were leading in front then, are still leading, while their followers remain exactly where they were before." – **Willie Smit, audience member**

### On being white

"People associate whiteness with superiority and blackness with inferiority and they just accept this as normal – they don't question it." – **Christi van der Westhuizen, writer and journalist**

"Being white actually means jealousy. The other races are jealous of our skin colour but we can't help how God made us." – **Caller on RSG**

### On transforming

"There needs to be leadership from the top and I don't know how open our University is to discussing such things." – **Innes Barnardt, former Student Representative Council member**

"The lingua franca that has developed among international academic institutions is English ... It's like water flowing down a hill; you may not like it or agree with it, but there is damn little you can do about it." – **Prof. Anton van Niekerk, Stellenbosch University department of philosophy**

### On wealth tax

"The problem in schools is poor management. More money won't solve that." – **Prof. Stan du Plessis, Stellenbosch University department of economics**

"Black people's land was stolen, and they didn't turn to war. They said 'let us find a way to go forward'. I think that's an incredible gesture." – **Tony Ehrenreich, regional secretary of Cosatu, Western Cape**

The word **"zef"** is a contraction of the name of the Ford Zephyr car, a working-class favourite.

Die term **"Matie"** is afgelei van die rooi kleur van 'n tamatie.

Romanz sanger **Louis Loock** is die seun van die bekroonde dirigent van die Tygerberg-kinderkoor, Hendrick Loock.



**Artist Paul Emsley captures Mandela's gravitas in his retrospective on display at the Sasol Art Museum in Stellenbosch.** Photo: Esté Beerwinkel

# Emsley's moment with Madiba

Artist Paul Emsley had one chance to photograph Nelson Mandela.
**Jan Cronje** spoke to him about what followed.

Ten minutes. After a year and a half of fruitless attempts to get permission to draw Nelson Mandela, artist Paul Emsley received a call from Mandela's PA, Zelda le Grange, at his house in London. Could he be in Johannesburg at the Nelson Mandela Foundation in four days' time? Emsley had been granted a ten minute slot with the world's most famous statesman.

"I had given up on it to be quite honest," says Emsley during an interview at the Sasol Art Museum in Stellenbosch. "Influential artists had been unsuccessful in getting access to him." But somehow he had succeeded.

As Emsley sat in the Nelson Mandela Foundation waiting room, encumbered with specialised photographic equipment, he heard Mandela, his wife Graça Machel and Le Grange discussing the shoot. Mandela's office door had been left open. Minutes later Emsley heard Madiba singing happy birthday to Desmond Tutu over the telephone. It is a story he often tells. "I went in," says the artist. "Mandela was very nice, we had an easy time taking the photos."

Emsley takes high-resolution photographs of his subjects, which he uses as blueprints for large realistic drawings in charcoal, chalk, conté crayons and pencil. As his work takes shape, the blueprint is jettisoned and a new artwork is created.

The elderly statesman's celebrated charisma hadn't diminished, even though he is well into his 90s. "He smiled so much I actually had to ask him if he would mind not smiling," says Emsley. "I took a picture when his smile was just beginning to recede."

> **He smiled so much I actually had to ask him if he would mind not smiling.**

He wanted to capture Mandela's gravitas; he sought the man behind the smile rather than an artwork that simply idolised him. Standing before it, white-haired, bearded and modest, Emsley is somehow dwarfed by the size of his creation.

Thirty-one years after his first exhibition, Emsley has returned to the town where his career started. "Having a retrospective in Stellenbosch made perfect sense," he says. "Many of my strongest influences occurred here."

Emsley's artistic technique has not always been realist. During the early 1980s, when he taught at the art deparment at Stellenbosch University, his style was overtly expressionist. It was only in 1988 that he rekindled his passion for his first love: drawing.

Since then he has strived to perfect his technique. "My style is a closely observed black-and-white drawing of form," says Emsley. His skill is evident in what is arguably his most famous work, *Nelson Mandela* (2010).

It hangs in the Sasol Art Museum, where a retrospective of Emsley's work is on display until the end of March.

## Art repatriation: the scandal is in the sculpture

Exquisite artworks and ancient artefacts were the hot topic at *Treasures of the Getty Villa,* a presentation delivered by Samantha Masters, lecturer in ancient studies at Stellenbosch University.

The talk focused on the controversy surrounding various pieces acquired and housed at the Getty Villa Museum in California. The museum, founded by J. Paul Getty, the American oil magnate, was shrouded in scandal when the curator, Marion True, was charged with purchasing illegally looted artefacts.

The most controversial piece was a sculpture of a woman, *The Goddess of Morgantina*, which was bought for R138 million.

It was eventually returned to Italy following a legal battle.

The debate surrounding art repatriation is a hotly contested one and has gained prominence in recent years. Steady progress is being made, however, with museums in the United States alone having repatriated art worth an estimated R350 billion.

**Katjia Bucalina**

# Shades of green

**Nathan Adonis** spoke to ceramic artist **Laura du Toit** at the Woordfees. Her work was featured in the exhibition *Klei-Klank* with composer Hannelore Olivier.

**Do you interpret "green" differently after preparing for the green theme at the Woordfees?**
Green has many meanings but now I am more aware of how others interpret the term. I used a voice recorder to record people saying "green" in their mother tongue. I eventually received 32 different voices ranging from Zambia and Iceland to the San people in Upington.

**Has the green bug bit you?**
I am not finished experimenting with green yet. There are many environmental issues I would like to express. I have been busy with the green theme for a year now. Future projects will definitely include a more archaeological interpretation of the earth, such as rock and the black beach sand I discovered in Iceland.

**Are you an all-rounder artist?**
I made a cup once that turned out pink, and I didn't like it so I changed to using red clay. Now I make ceramic pots. I also enjoy photography and finding a link between the original idea, the photograph and the artwork.

**What is your golden rule?**
I have learnt to be extremely patient. No matter how curious you are, you need to wait till the oven has cooled down before you can remove the pot.







**Die oorspronklike plakkaat van die Woordfees (links) het aanvanklik negatiewe reaksie uitgelok. Dit is verlede jaar op die Woordfees se Facebook-blad bekendgestel. Verskeie lede van die publiek, waaronder gevestigde skrywers, het gesê dit kan as rassisties beskou word, omdat "groene" soms ongunstig gebruik word. Theo Kleynhans, die ontwerper van die plakkaat, het voorgestel dat die ontwerp aangepas word met 'n Andy Warhol-tema. Janienke Crafford, die grafiese ontwerper van die veranderde plakkaat (regs), het gesê die nuwe ontwerp neem die krag uit die negatiewe konsep, maar belig steeds die groen feestema.** Foto's: Verskaf



**Die skilderye van Willie Bester se Montagu portret-reeks (van links na regs "Blue hat man", "Red hat lady" en "White shirt man") pryk by die Sasol-kunsmuseum as deel van die *Ik ben een Afrikaander 2*-uitstalling. Bester se reeks handel oor die kompleksiteit van komtemporêre identiteite. Dit vorm deel van die tema waar kunstenaars persoonlik interpreteer wat dit beteken om 'n Afrikaanssprekende in die hedendaagse Suid-Afrika te wees. Die uitstalling kon tydens die Woordfees besigtig word.** Foto: Esté Beerwinkel

In 1973 het **Mongane Wally Serote** die Ingrid Jonkerprys vir sy debuutbundel *Yakhal'Inkomo* gewen.

2002: The year **Kurt Darren** made his breakthrough with *Meisie Meisie*.

The first Woordfees had only **1 000** visitors. In 2011 there were approximately 67 500.